OPENING VAN DARLING BESTUURSLISENSIE-TOETSSENTRUM

Swartland Munisipaliteit kondig met trots die opening van 'n nuwe Bestuurslisensie-toetssentrum (BLTS) in Darling aan, wat op **Maandag, 7 Junie 2021** begin met besprekings vir leerlinglisensie-afsprake.

Met die opening van die nuwe BLTS wil die Munisipaliteit dienslewering verbeter deur dienste nader aan die publiek te bring ooreenkomstig Batho Pele-beginsels.

Die volgende dienste sal by die Sentrum gelewer word aan **alle lede van die publiek**:

- Afneem van leerlinglisensietoetse
- Uitreik van openbare bestuurspermitte
- Hernuwing van bestuurslisensiekaarte

Dienste sal by die volgende **plekke** gelewer word:

- Besprekings vir leerlinglisensies: Munisipale kantore, Kerkstraat, Darling
- Skryf van leerlinglisensie-toetse: Wetstoepassingskantore, h/v Evita Bezuidenhoutlaan & Caledonstraat

Dienste sal gelewer word op die volgende dae en tussen die ure soos aangetoon:

Maandae 08:00 – 15:00	**Dinsdae** 08:00 – 15:00	**Woensdae** 08:00 – 15:00	**Donderdae** 08:00 – 15:00	**Vrydae** 08:00 – 14:00
Slegs leerlinglisensie-afsprake	Slegs motorvoertuigregistrasie en -lisensiëring	Skryf van leerlinglisensie-toetse	Hernuwing van kaartlisensies en openbare bestuurspermitte	Slegs motorvoertuigregistrasie en -lisensiëring

Applikante moet die volgende met hul aansoeke indien:

Leerlinglisensie-afsprake	**Bestuurslisensiekaart-hernuwings**	**Openbare bestuurspermitte**
➢ Geldige SA ID dokument / Paspoort / Verkeersregister ➢ Bewys van verblyf ➢ Aansoekvorm ➢ 2 x ID foto's (swart en wit) ➢ Aansoekfooie: R68,00 vir afspraak en R33,00 vir die leerlinglisensie indien persoon die toets slaag.	➢ Geldige SA ID dokument / Paspoort / Verkeersregister ➢ Bestuurslisensiekaart ➢ Bewys van verblyf ➢ Aansoekvorm ➢ 4 x ID foto's (swart en wit) ➢ Toepaslike fooie: R140, 00 en tydelike lisensie R45, 00	➢ Geldige SA ID dokument / Paspoort / Verkeersregister ➢ Bestuurslisensiekaart ➢ Bewys van verblyf ➢ Aansoekvorm ➢ 4 x ID foto's (swart en wit) ➢ Mediese verslag nie ouer as twee maande nie ➢ Indien gevaarlike goedere: Opleidingsertifikaat nie ouer as ses maande nie ➢ Toepaslike fooie vir bestuurspermit = R220, 00 en tydelike lisensie R45, 00

Algemene navrae kan gerig word aan Mnr Hennie Mouton soos volg:

Telefoon: 022-487 9400
E-pos: moutonh@swartland.org.za